**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Vrydag 2 Mei 1980 — WINDHOEK — Friday 2 May 1980 — No. 4135

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

---

No. 102 — 2 Mei 1980

ORDONNANSIE, 1980: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 5 van 1980 Wysigingsordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

A. F. van R. MOUTON
*Acting Secretary: South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek.

---

No. 102 — 2 May 1980

ORDINANCE, 1980: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 5 of 1980 Peri-Urban Development Board: Amendment Ordinance, 1980

**Ordonnansie No. 5 van 1980**

# WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 1980

*(Goedgekeur 24 April 1980)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 2 Mei 1980)*

## ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970, ten einde voorsiening te maak vir die aankoop en huur van onroerende eiendom buite 'n buitestedelike gebied vir die doeleindes van die verskaffing van wonings en herberg aan beamptes en werknemers van die raad.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 39 van Ordonnansie 19 van 1970, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 10 van 1972.

1. Artikel 39 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (f) die volgende paragraaf in te voeg:

"(fA) behoudens die Uitvoerende Komitee se voorafgaande goedkeuring onroerende eiendom buite 'n buitestedelike gebied aankoop of huur vir die doeleindes van die verskaffing van wonings en herberg aan beamptes en werknemers van die raad;".

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1980.

**PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT ORDINANCE, 1980**

**Ordinance No. 5 of 1980**

*(Assented to 24 April 1980)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 2 May 1980)*

# ORDINANCE

To amend the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970, so as to provide for the purchase and hire of immovable property outside a peri-urban area for the purposes of providing dwellings and accommodation to officers and employees of the board.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 39 of Ordinance 19 of 1970, as amended by section 9 of Ordinance 10 of 1972.

1. Section 39 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph (f) of the following paragraph:

"(fA) subject to the Executive Committee's prior approval, purchase or hire immovable property outside a peri-urban area for the purposes of providing dwellings and accommodation to officers and employees of the board;".

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Peri-Urban Development Board Amendment Ordinance, 1980.